# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (3/11)

*Justin Chadwick (28 Januarie 2011)*

GESEGDE VAN DIE WEEK "*If you think in terms of a year, plant a seed; if in terms of ten years, plant **trees**; if in terms of 100 years, teach the people." Confucius*

## SITRUS GRONDVESBLOK (SGB) IS NOU VEILIG

Een van die sitrusbedryf se grootste bates is die SGB. Elke sitrusboom het sy ontstaan by die SGB en daarom is dit noodsaaklik dat die SGB vry van plae en siektes is. Vir hierdie doel het Vaughan Hattingh en sy kollegas by CRI probeer om 'n uitsluitingsone rondom die SGB te bewerkstellig. Dit het nou 'n werklikheid geword met die wysigings aan die Wet op Landbouplae (Staatskoerant vol 547, Nommer 33936 van 21 Januarie 2011) wat 'n 5 Km uitsluitingsone rondom die SGB spesifiseer.

## 2011 BOOMSENSUS: 5 MINUTE VAN JOU TYD

Die boomsensus wat deur CGA uitgevoer is, is 'n belangrike opgawe omdat die bedryf hierdeur met inligting bemagtig word om besluite te kan neem en om vooruit te beplan. Dit vorm die basis van die langtermyn model wat gebruik word om uitvoervolumes te voorspel vir die sowat volgende twintig jaar - die langtermyn projeksie het bewys om naby aan die doelwit te wees.

Produsente is gekontak om hul besonderhede teen 31 Januarie 2011 op te dateer. Tot op datum het 50% van produsente gereageer. Tensy daar grootskaalse veranderinge is, neem die opdatering gewoonlik minder as 4 minute. Jy moes al jou gebruikersnaam en wagwoord ontvang het om toegang tot die aanlyn Boomsensus Databasis te verkry. As jy nog nie jou gebruikersnaam en wagwoord ontvang het nie, kontak asseblief vir John Edmonds (johne@cga.co.za) of Paul Hardman (ph@cga.co.za) [of 031 7652514] om dit aan jou te stuur.

**AS JY NOG NIE JOU BOOMSENSUS VIR 2011 VOLTOOI HET NIE – DOEN DIT ASB SO GOU AS MOONTLIK, SELFS AS JOU INLIGTING NIE VERANDER HET NIE, MOET JY DIT ASB BEVESTIG.**

## 1-CITRUS

Opeenhoping in Durban tydens die hoogtepunt van die sitrusseisoen is al 'n geruime tyd bo-aan die lys van die rolspelers in die sitrusbedryf. Produsente word gefrustreer deur die vertragings in die omkeertyd in Durban, terwyl party vervoerkontrakteurs besluit het om nie meer sitrus te vervoer nie. As gevolg hiervan is party produsente blootgestel aan buitensporige vervoerkostes as deel van "'n vat of los dit" tipe scenario. CGA werk saam met Crickmay aan 'n vervoer-harmoniseringstelsel (projek se naam is 1-Citrus) wat daarop gemik is om aankomste vooruit te beplan, gebruik van koue storingsfasiliteite te optimiseer en omkeertyd te bespoedig. Die sisteem is gebaseer op metodes wat tans in die Suid-Afrikaanse houtbedryf en Australiese suikerbedryf gebruik word. Op Woensdag het verteenwoordigers van pakhuise en koelkamers/vrugterminale (beide is aan die einde van die ketting) vergader om die vordering van die projek tot op datum in oënskou te neem en te help met die identifisering van behoeftes, uitdagings en geleenthede. Die pakhuise se verbintenis is deur die teenwoordigheid van pakhuisbestuurders vanaf Zimbabwe, Letsitele en Groblersdal [asook hul KZN eweknieë] bewys. Op een na was alle koelkamers/vrugterminale daar, almal verbind daartoe om te help om hierdie oplossing te maak werk. Alhoewel die tyd redelik beperk is om die volledige sisteem in plek te kry voor die eerste oeste teen einde Maart, is die mikpunt om die sisteem aktief en werkend in 2011 te kry. Hierdie jaar sal 'n loodsprojek wees waartydens probleme uitgestryk, effektiwiteit bepaal en verbeterings beplan kan word. Meer inliting oor hierdie projek sal deur Mitchell Brooke by beide die Pakhuis Werkswinkels en CGA road shows in Februarie aangebied word.

## PRODUSENTE ROADSHOWS EN PAKHUIS WERKSWINKELS

**PRODUSENTE ROADSHOWS**: **Paul Hardman se Groep**: **15/2 Vaalharts** – 14:00: Saamfarm; **16/2 Oranjerivier** – 18:00: Augrabies Falls Lodge; **21/2 Limpoporivier** – 13:00: Riamara Lodge; **22/2 Zimbabwe** – 09:00: B K Cawood Estates (Bristow); **23/2 Letsitele** – 09:00: The Junction; **23/2 Hoedspruit** – 15:00: Hengelklub; **24/2 Senwes** – 10:00: Kingdoms's Lodge; **1/3 Wes-Kaap** – 14:30: GHS Saal; **2/3 Boland** – 09:00: Robertson

**Justin Chadwick se Groep: 22/2 Oos-Kaap Midlands** – 09:00: Kat River Citrus Boardroom; **23/2 Sondagsrivier**-09:00: Kirkwood High School Supporters Clubhouse; **24/2 Patensie** – 09:00: Gamtoosvallei Patensie Kerksaal; **28/2 Nkwalini** – 10:00: Farmers Hall; **1/3 Pongola** – 09h00: Mvutshini Estates; **1/3 Swaziland** – 14h00: United Plantations Tambuti; **2/3 Onderberg** – 14:00: MSK; **3/3 Nelspruit** – 10:00 CRI; **10/3 Suidelike KZN** – 14:00: Victoria Club.

**PAKHUIS WERKSWINKELS: Oos-Kaap 7&8/2** Summerstrand Hotel, Port Elizabeth; **KZN/Swaziland 9&10/2** Blue Waters Hotel, Durban; **Mpumalanga 14&15/2** Winkler Hotel, Witrivier; **Limpopo 16&17/2** Forever Resorts Swadini, Hoedspruit; **Wes-Kaap 2&3/3** Villa Via Hotel, Gordonsbaai.

### OORSIG - 2010

Oorsig van volumes in 2010 is nou by www.cga.co.za beskikbaar.

**PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM AKTIWITEITE VAN CGA, CRI EN CITRUS ACADEMY TE BEFONDS. VERSEKER SO 'N GLOBALE MEDEDINGENDE SUIDER-AFRIKAANSE SITRUSBEDRYF**